Tjokkie WEEKBLAD

2 Mei 2024 Uitgawe: 5/2/2024

UIT DIE KANTOOR

So tussen al die sportaktiwiteite deur begin die toetsreeks vir die Gr. 4-7 leerders Dinsdag, 7 Mei. Die toetswerk en toetsrooster is reeds versprei en ek doen ’n beroep op ouers om hul kinders te help beplan en voorberei vir die toetse.

Oor ’n maand van vandag af begin die Junie-eksamen en ons wil graag hê dat die kinders vir elke evaluasie-geleentheid goed voorbereid sal wees.

Baie sterkte aan al ons kinders wat ook vanaf Maandag aan die twee-jaarlikse kunswedstryd deelneem.

ANDER

Tjokkies het gedurende die week ’n advertensie geplaas vir ’n addisionele finansiële beampte. Alle huidige personeel bly dus aan in hul posisies. Dit is ’n ekstra pos wat geskep word om spesifiek swak betalers van skoolgeld op te volg.

Die skool besef dat almal in tawwe ekonomiese tye leef en dat ouers/voogde ’n swaarder finansiële las dra. Ons moedig u egter aan om asb. die betaling van skoolgeld te prioritiseer. Daar is ’n duidelike afname in die inbetaling van skoolgelde. U is wetlik verplig om skoolgeld te betaal soos goedgekeur op die Begrotingsvergadering in November 2023.

Skoolgeld: R16 700 per jaar (eenmalig) voor 1 Maart

Of betaalbaar oor 11 maande (Febr. – Des.):

- R1 660 per maand indien EFT
- Debietorder betalings R1 530 per maand

Nasorgsentrum: R5 500 per jaar of R500 per maand

Die korrekte verwysingsnommer moet asb. gebruik word wanneer u betalings maak. Dit is die leerders se skoolrekening verwysingnommer wat op die staat verskyn.

Bankbesonderhede:

Bank:	Absa Bank
Rekeningnaam:	Universitas Primêre Skool
Rekeningnommer:	1570 670 200
Takkode:	632005

Meningsopname – Kaalvoetkafee

Op D6 het ouers 'n skakel tot 'n google-dokument ontvang waarin ons ouers versoek om vir ons terugvoer te gee rakende die Kaalvoetkafee. Die skakel is nog oop tot 7 Mei. Doen asb. die moeite en voltooi hierdie vorm sodat die skool positiewe aanpassings kan maak waar nodig.

BELANGRIKE DATUMS

4-5 Mei:	GSF Voortrekkerkamp
6 Mei:	Skaakliga
	Wesgrow Kompetisie: Tjokkies vs Fichardtpark
6-11 Mei:	Kunswedstryd (Brandwag)
7 Mei:	Toetsweek begin (Gr. 4-7)
9 Mei:	Rugby/Netballiga vs Jim Fouché
10 Mei:	Kleuterskool Gholfdag
	Tjokkies Mini-Netbaldag
11 Mei:	Wesgrow Kompetisie: Tjokkies vs Jordania
	Nautilus 2

VERJAARSDAE



5 Mei:	Juf. Ilne Erasmus (Gr. 3)
7 Mei:	Juf. Anne-Marie Claassen (Gr. 3)
	Vicky Dean (Kaalvoetkafee)
8 Mei:	Juf. Leandri Kruger (Gr. 3)

#TJOKKIESHOP / KLEREBANK

Die weeklikse tye van die #Tjokkieshop / klerebank is as volg:

Maandae en Vrydae	12:30 – 14:00
Woensdae	07:30 – 8:30

VAN DIE MAMMAS WAT BID



God het beveel: “Laat daar ligte wees aan die hemelkoepel sodat dag en nag onderskei kan word en dit ook kan dien as tekens om seisoene, dae en jare te bepaal. Die ligte in die hemelkoepel moet ook die aarde verlig.” Genesis 1:14-15

Onthou altyd dat God nader aan jou is as die sonstrale op jou hande.

Sit vandag bietjie buite en ervaar ons Grote God so.

REDENAARS

GR.4&5 REDENAARS SE DATUM SKUIF NA



21 MEI

KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres:
kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

SNUFFELS